basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET DIE NOORD-ATLANTIESE VERDRAG EN DIE WARSKOU-VERDRAG IN DIE 1940's EN 1950's DIE KOUE OORLOG TUSSEN DIE VSA EN DIE SOWJETUNIE VERERGER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Raadpleeg Bron 1A.

1.1.1 Hoe, volgens die bron, het die gebruik van die veto in die Veiligheidsraad deur Rusland, die Verenigde Nasies geaffekteer? (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die term *veto* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Hoekom, volgens die bron, het die Sowjetunie die Kominform bekendgestel? (1 x 1) (1)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die idee van 'n defensiewe alliansie onder Westerse nasies aanvanklik in 1946 deur Churchill voorgestel is. (1 x 2) (2)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik die simboliese verteenwoordiging van die volgende in die spotprent:

(a) Dean Acheson (1 x 2) (2)

(b) Lande wie se bakstene gebruik is om die muur te bou (1 x 2) (2)

(c) Lande wie se bakstene NIE gebruik is om die muur te bou NIE (1 x 2) (2)

1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die belangrikheid van beide Ernest Bevin en Robert Schuman in die spotprent. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1A en Bron 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun met betrekking tot die stigting van 'n defensiewe alliansie onder Wes-Europese lande. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Noem enige TWEE vreedsame beginsels van die Verenigde Nasies, wat in die bron genoem word, wat bindend was vir lande wat die Noord-Atlantiese Verdrag onderteken het. (2 x 1) (2)

1.4.2 Haal uit die bron aan hoe die ondertekenaars van die Noord-Atlantiese Verdrag onderneem het om die voorwaardes van die Handves van die VN na te kom. Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

1.4.3 Verduidelik die implikasie van die frase: '… wil ons vryheid van aggressie … skep', in die konteks van die ondertekening van die Noord-Atlantiese Verdrag in 1949. (1 x 2) (2)

1.4.4 Wat, volgens die bron, het die lande wat in die Noord-Atlantiese Verdrag verteenwoordig was, saamgebind? (1 x 1) (1)

1.4.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige wat die stigting van die Noord-Atlantiese Verdrag navors. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 Noem, volgens die bron, enige TWEE stigterslede van die Warskou-verdrag. (2 x 1) (2)

1.5.2 Verduidelik die konsep *Marxisme-Leninisme* as 'n ideologie van die Warskou-verdrag. (1 x 2) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar op waarom Oos-Duitsland by die Warskou-verdrag ingesluit is. (2 x 2) (4)

1.5.4 Wat, volgens die bron, was 'n direkte gevolg van die herbewapening van Wes-Duitsland toe hulle in 1955 by NAVO aangesluit het? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Noord-Atlantiese Verdrag en die Warskou-verdrag in die 1940's en 1950's die Koue Oorlog tussen die VSA en die Sowjetunie vererger het. (8)

[50]

VRAAG 2: WAAROM HET DIE SOWJETUNIE VANAF 1975 DIE ANGOLESE VOLKSBEVRYDINGSBEWEGING (MPLA) IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG ONDERSTEUN?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, waarom was kommunisme gedurende die 20ste eeu besonder kommerwekkend in Europa? (1 x 2) (2)

2.1.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die woorde: '… Angola 'n perfekte storm vir 'n volmagoorlog was', in die konteks van die burgeroorlog in Angola. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem die volgende rolspelers in die bron wat vir beheer oor Angola geveg het:

(a) Enige TWEE lande in die buiteland (2 x 1) (2)

(b) Enige TWEE bevrydingsbewegings (2 x 1) (2)

2.1.4 Verduidelik hoekom jy dink die Sowjet-kommunistiese agenda in Angola nie as wettig beskou kon word nie. (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, was 'n lid van die Sowjet-Kommunisteparty-Politburo en voorsitter van die Partybeheerkommissie? (1 x 1) (1)

2.2.2 Definieer die term *onafhanklikheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem enige TWEE vorme van Sowjet- militêre ondersteuning in die bron wat aan die MPLA gegee is. (2 x 1) (2)

2.2.4 Verduidelik hoekom die Portugese Hoë Kommissaris oortuig was dat indien hy nie mag aan 'twee of drie' van die Angolese bewegings kon oordra nie, hy 'eenvoudig op die vliegtuig sou klim en gaan'. (1 x 2) (2)

2.2.5 Lewer kommentaar op die implikasie van die frase: 'Vir die Kremlin het die MPLA die "voorhoede" en leier van die Angolese mense gebly', in die konteks van Sowjet-betrokkenheid by Angola. (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Lewer kommentaar op die simboliese voorstelling van die militêre tenk in die spotprent. (2 x 2) (4)

2.3.2 Verduidelik die historiese belangrikheid daarvan dat Castro en Brezhnev staande langs mekaar uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C ondersteun met betrekking tot die rol wat vanaf 1975 deur die Sowjetunie in die Angolese Burgeroorlog gespeel is. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Gee DRIE redes, genoem in die bron, waarom die Kubaanse besetting van Angola vernietigend was. (3 x 1) (3)

2.5.2 Verduidelik die konsep *propagandaveldtog* in die konteks van die Sowjetunie se ekspansionistiese beleid in Angola. (1 x 2) (2)

2.5.3 Waarom, dink jy, sou die Sowjet-Kubaanse besetting van Angola, Angola se taak van nasionale rekonstruksie (heropbou) moeilik maak? (1 x 2) (2)

2.5.4 Lewer kommentaar op die beperkings van die bron vir 'n geskiedkundige wat UNITA se reaksies op die Sowjet-Kubaanse besetting van Angola navors. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Sowjetunie vanaf 1975 die Angolese Volksbevrydingsbeweging (MPLA) in die Angolese Burgeroorlog ondersteun het. (8)
[50]

VRAAG 3: VOOR WATTER ERVARINGS HET ELIZABETH ECKFORD IN 1957 TE STAAN GEKOM TYDENS 'N POGING OM CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, TE DESEGREGEER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, hoe is onderwys as 'n belangrike instrument in die lewe van 'n kind verklaar? Noem enige TWEE maniere. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom, volgens die bron, sou dit twyfelagtig wees dat 'n kind sukses in die lewe sou behaal? (1 x 2) (2)

3.1.3 Definieer die term *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op waarom die skei van swart kinders van ander van dieselfde ouderdom in 'n skool, tot 'n gevoel van minderwaardigheid kan lei, in die konteks van skoolsegregasie. (1 x 2) (2)

3.1.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat desegregasie van skole in die 1950's in die Verenigde State van Amerika bestudeer. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron3B.

3.2.1 Noem die groep studente in die bron wat gepoog het om Central High School as gevolg van desegregasie by te woon. (1 x 1) (1)

3.2.2 Gee enige TWEE redes in die bron waarom Elizabeth Eckford Central High School wou bywoon. (2 x 1) (2)

3.2.3 Waarom, dink jy, was dit belangrik vir Daisy Bates om te reël dat 'n paar predikante die Little Rock Nege-studente as 'n groep na Central High School vergesel? (2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink Elizabeth Eckford gevoel het dat die geskreeu van mense 'soos 'n bende geklink' het. (1 x 2) (2)

3.3 Studeer Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die belangrikheid van die volgende in die foto in die konteks van Elizabeth Eckford se ervarings op haar eerste dag by Central High School:

(a) Elizabeth Eckford sit by die bushalte (1 x 2) (2)

(b) Die teenwoordigheid van die Arkansas Nasionale Garde (1 x 2) (2)

(c) Die teenwoordigheid van die media (1 x 2) (2)

3.3.2 Lewer kommentaar op waarom mense agter Elizabeth Eckford as bystanders afgeneem is. (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun oor die ervarings waarvoor Elizabeth Eckford te staan gekom het toe sy op 4 September 1957 Central High School wou binnegaan. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Wat, volgens die bron, het mense gemotiveer om Elizabeth Eckford op haar eerste dag by die skool weg te wys? Gee DRIE antwoorde. (3 x 1) (3)

3.5.2 Verduidelik die term *konstitusionele regte* in die konteks van die nasionale regering se verantwoordelikheid. (1 x 2) (2)

3.5.3 Wat het Clinton geïmpliseer met die stelling: 'Veertig jaar later weet ons dat daar nog deure is wat oopgemaak moet word', in die konteks van die beëindiging van segregasie in die Verenigde State van Amerika? (1 x 2) (2)

3.5.4 Noem enige TWEE groepe in die bron wat na Amerika gekom het 'om die belofte van Amerika te vervul'. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik voor watter ervarings Elizabeth Eckford in 1957 te staan gekom het tydens 'n poging om Central High School in Little Rock, Arkansas, te desegregeer. (8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Verduidelik tot watter mate Amerika se militêre dominansie gedurende die Viëtnam-oorlog tussen 1957 en 1975 deur die Viëtkong se taktieke ondoeltreffend gemaak is.

Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko het in die 1960's slegs politieke veranderinge in die nuwe onafhanklike Kongo ingestel.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Die Swartmagbeweging (BPM) het 'n radikale benadering aangeneem in alle aspekte van hulle pogings om in die 1960's diskriminasie en segregasie in die Verenigde State van Amerika (VSA) te beëindig.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou argument met relevante historiese inligting. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou